Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
JULIE 2023

Posbus 20, Hermanus 7200

Telefoon
Hermanus 028 313 8000
Gansbaai 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400
Stanford 028 341 8500

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand
#C4ourself

TEENWIG TEEN VLOEDSKADE WEENS SWAAR REËN

Vanaf middel-Mei het die Suid-Afrikaanse Weerdiens voorspel dat die suidwes-Kaap in alle waarskynlikheid swaar reën te wagte kan wees weens herhaaldelike weersvoorvalle en dat alle moontlike voorsorgmaatreëls getref moet om lewens en bestaansmiddele teen oorstromings te beskerm.

Op die aand van Dinsdag, 30 Mei 2023 het daardie voorspelling waar geword.

In reaksie op die talryke oproepe om hulp, is 'n gesamentlike operasionele sentrum op die been gebring om die respons van die verantwoordelike diens- en rampbestuurspanne te koördineer: Paaie is weggespoel, huise is oorstroom, en talle inwoners is sonder 'n heenkome gelaat.

Die gure weer het verwoesting in veral Bettysbaai en Pringlebaai gesaai waar groot volumes water bergaf gestroom het, met die gevolg dat kanale hul walle oorstroom of verstop het.

Sedertdien is die skade aan infrastruktuur en paaie met die hulp van 'n provinsiale rampbestuurspan geassesseer en daar word tans met die Wes-Kaapse departement van plaaslike regering onderhandel om so spoedig as moontlik fondse vanuit dié departement se rampbestuursfonds te verkry vir die herstel van beskadigde paaie en ander infrastruktuur.

Om fondse te verkry, kan egter 'n wyle duur. Intussen sal Munisipaliteit Overstrand poog om die skade aan paaie en infrastruktuur na die beste van sy vermoë te herstel.

"Gegewe dat alle voorspellings daarop dui dat ons deel van die kus in alle waarskynlikheid in die komende maande deur soortgelyke erge weersvoorvalle gebombardeer gaan word, doen ons 'n beroep op inwoners om 'n bietjie geduld te beoefen onderwyl ons onder die omstandighede paaie en infrastruktuur na die beste van ons vermoë herstel.

"Intussen doen ons ook weereens 'n beroep op almal om ag te slaan op ons beroep om asseblief nie agterplaasrommel goedsmoeds te stort nie en om asseblief die moeite te doen om op 'n verantwoordelike wyse met hul huishoudelike afval weg te doen.

"Elke stukkie plastiek of karton wat jy sommerso weggooi, gaan in 'n riool beland.

"Daardie riool gaan verstop raak en, op die lange duur, jou huis oorstroom.

"Dit is so eenvoudig soos dit."

Lakeside-weg, Bettysbaai – Gedeelte van pad weggespoel

Gansbaai

KRAGONDERBREKINGS

Die waarskynlikheid dat meedoënlose stormsterk winde, soos wat ons die afgelope paar weke ervaar het, skade aan elektriese infrastruktuur gaan veroorsaak, is 'n gegewe: Kragmaste gaan omwaai en kabels gaan breek.

Munisipaliteit Overstrand sal na die beste van sy vermoë herstelwerk verrig, maar daar is gevalle waar die skade wat aangerig is deur Eskom herstel moet word aangesien hulle vir die bedryf van sommige van die geaffekteerde infrastruktuur verantwoordelik is.

Ongeag wie verantwoordelik gehou moet word vir die nodige herstelwerk, hou asseblief in gedagte dat om werk te maak van die probleem, beide die munisipaliteit en Eskom te kampe het met bome wat omgewaai het, paaie wat verspoel is en terreine wat onbegaanbaar is.

Natuurlik is ons jammer vir die ongerief wat veroorsaak is, maar versoek dat 'n bietjie geduld onder hierdie omstandighede beoefen word: ***Ons sal ons bes doen.***

SÓ STAAN SAKE MET ELEKTRIFISERING VAN MARIKANA

In 2022 het dit aan die lig gekom dat heelwat van die transformators in 'n gebied van Zwelihle bekend as Marikana vervang sal moet word te danke aan oorlading weens tallose onwettige elektrisiteitsaansluitings.

Hierdie situasie het 'n kritieke punt bereik toe 'n kleuter tragies gedood is as gevolg van 'n onwettige aansluiting, en dit is tóé dat Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, 'n ooreenkoms met die gemeenskap aangegaan het, naamlik dat beide die munisipaliteit en gemeenskap hul uiterste bes sal doen om die infrastruktuur te beveilig. Terselfdertyd het die munisipaliteit hom daartoe verbind om aktief werk daarvan te maak om finansiering te bekom sodat die elektrisiteitsagterstand in Marikana bygelê kan word.

Ná voorlegging van die aansuiweringsbegroting in Januarie 2023 het fondse beskikbaar geword vir die elektrifisering van die eerste twaalf blokke in Marikana (200 aansluitings in totaal).

Elektrifisering het in Mei 'n aanvang geneem en vorder goed.

Volgens die Burgemeester is alle aanduidings dat addisionele befondsing wel in die nuwe boekjaar beskikbaar sal wees en dat befondsing via toekennings sowel as fondse wat vanaf bykomende bronne ontvang word ook grotendeels sal bydra tot die finalisering van hierdie projek.

INWONERS VAN OVERHILLS KAPITTEL BURGEMEESTER & KIE

Vroeg in Junie is Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, die tersaaklike burgemeesterskomiteelede en die raadslede wat wyke 9 en 10 verteenwoordig, ontbied na 'n vergadering wat belê is deur diegene met 'n belang by Overhills sodat 'n paar nypende kwessies onder die loep geneem kan word.

Hierdie kwessies het meestal betrekking op grondbesetting, die oprigting van onwettige strukture en die gebrekkige beheer oor bouery sowel as die gevolglike dringende behoefte om die lewering van basiese dienste in Kleinmond aan te spreek.

Alhoewel die Burgemeester van mening is dat die trant van die vergadering grotendeels tegemoetkomend was, stem sy saam met die ander partye dat dit dalk wenslik sou wees om, ter wille van deursigtigheid en billikheid, 'n bemiddelaar aan te stel om toekomstige gesprekvoering tussen die betrokke partye te fasiliteer.

Daar is nietemin ooreengekom dat 'n verteenwoordigende komitee op die been gebring sal word waarop alle belanghebbendes verteenwoordiging geniet en dat 'n gemeenskapsvergadering so gou as moontlik byeengeroep moet word.

Die munisipaliteit het ook onderneem om 'n opname te doen van al die strukture wat in die gebied opgerig is en om ondersoek in te stel na die wyse waarop klagtes rakende grondbesetting en onwettige bouery ingedien en verwerk word.

WIE WIL OP 'N ROMMELHOOP BLY?

Die kort antwoord op daardie vraag is niemand nie. Al te dikwels is die eerste teken van 'n woonbuurt se verval dat dit die inwoners klaarblyklik nie meer 'n aks skeel hoe hulle van hul huishoudelike afval ontslae raak nie: Gemors van watter aard ook al word eenvoudig op sypaadjies en onbeboude erwe weggesmyt en daar gelos om te verrot en geplunder te word deur al wat leef en beef. Waar sulke verval toegelaat word, is die noodwendige gevolg ongelukkig dat die waarde van die eiendomme in daardie woonbuurt eksponensieel gaan daal: Niemand wil op 'n rommelhoop bly nie. Daar is 'n eenvoudige oplossing vir hierdie probleem: Volg bloot die reëlings soos per Overstrand se afvalverwyderingskedule getrou na en maak, indien nodig, gebruik van die munisipaliteit se fasiliteite om van oormaatafval ontslae te raak.

DIE REËLINGS RONDOM AFVALVERWYDERING IS VOOR DIE HAND LIGGEND:

- **ONS** sal huishoudelike afval (algemeen en herwinbaar) afhaal op die dag van die week geskeduleer vir afhaling in jou area.
- **JY** moet jou huishoudelike afval (algemeen en herwinbaar) vir afhaling uitplaas op daardie dag en nét op daardie dag.

Onthou:

- **Algemene afval** (d.w.s. nat afval) moet in swartsakke geplaas word.
- **Herwinbare afval** (cd.w.s. skoon, droë, herwinbare items) moet in deursigtige plastieksakke geplaas word.

DIT KOS SPANWERK OM TE SORG DAT DIE INTEGRITEIT VAN JOU WOONBUURT GEHANDHAAF WORD

- Indien enigeen in jou straat hom of haar nie aan die reëlings hierbo steur nie, herinner daardie persoon asseblief waarom dit juis in sy of haar beste belang sou wees om maar eerder by hierdie reëlings te hou.
- As jy jou eiendom verhuur, maak asseblief seker dat jou huurders bewus is van die voormelde reëlings en ten alle tye daarby hou.
- Maak gebruik van 'n oorlaaistasie of openbare aflaaifasiliteit in jou area om ontslae te raak van oormatige afval. [Vir jou gerief word 'n skedule van daardie fasiliteite se bedryfsure hieronder gepubliseer.]

Overstrand Afvalbestuursfasiliteite

Dit is waar en wanneer die publiek van huishoudelike afval kan weggooi:

Gansbaai-Stanford Administrasie		
Gansbaai Stortingsterrein	**Maandae – Vrydae Saterdae Sondae Openbare vakansiedae**	**08:00 – 18:00 08:00 – 15:00 Gesluit 08:00 – 15:00**
Stanford Aflaai	**Maandae – Vrydae Saterdae Sondae Openbare vakansiedae**	**08:00 – 18:00 09:00 – 14:00 Gesluit 09:00 – 14:00**
Pearly Beach Aflaai	**Maandae, Dinsdae, Donderdae en Vrydag Woensdae Saterdae, Sondae en Openbare Vakansiedae**	**08:00 – 17:00 Gesluit 10:00 – 15:00**
Groter Hermanus Administrasie		
Hermanus Oordragstasie (Slegs tuinafval)	**Maandae – Vrydae Saterdae Sondae Openbare vakansiedae**	**08:00 – 18:00 09:00 – 16:00 Gesluit 09:00 – 14:00**
Hermanus Aflaai	**Maandae – Vrydae Saterdae Sondae (slegs as mini-aflaai) Openbare vakansiedae**	**08:00 – 18:00 09:00 – 16:00 10:00 – 17:00 09:00 – 14:00**
Voëlklip Prawn Flats Aflaai	**Maandae – Vrydae Saterdae Sondae Openbare vakansiedae**	**08:00 – 17:30 09:00 – 15:30 Gesluit 09:00 – 13:30**
Voëlklip Mini Aflaai	**Maandae – Vrydae Saterdae Sondae Openbare vakansiedae**	**08:00 – 17:30 09:00 – 15:30 10:00 – 16:30 09:00 – 13:30**
Hawston Aflaai	**Maandae – Vrydae Saterdae Sondae Openbare vakansiedae**	**08:00 – 18:00 09:00 – 16:00 10:00 – 17:00 09:00 – 14:00**
Hangklip-Kleinmond Administrasie		
Kleinmond Oordragstasie	**Maandae – Vrydae Saterdae & Sondae Openbare vakansiedae**	**07:30 – 18:00 08:00 – 16:00 08:00 – 16:00**
Bettysbaai Tuinafval Aflaai	**Maandae – Sondae Openbare vakansiedae**	**08:00 – 16:00 08:00 – 16:00**
Bettysbaai Mini Aflaai by Biblioteek	**Maandae – Sondae Openbare vakansiedae**	**08:00 – 16:00 08:00 – 16:00**
Pringle Bay Mini Aflaai	**Maandae – Sondae**	**08:00 – 16:00**

VERSTOPTE RIOLE: VERMY HIERDIE ONHIGIËNIESE OORLAS

Wanneer die "verkeerde goed" (soos sanitêre produkte, babadoeke, handlappies, stompies) in die toilet afgespoel of daar van kookolie via die opwasbak ontslae geraak word, is die noodwendige gevolg dat die riool kort voor lank gaan verstop.

Om te verhoed dat jy 'n slagoffer van hierdie onhigiëniese oorlas word, volg bloot hierdie eenvoudige reëls:

- Voordat jy opwas, vee eers alle borde skoon en sorg dat panne en ander kookgerei skoongeskraap is.
- Skink gebruikte kookolie in 'n houer wat vir 'n lang ruk vir dieselfde doel gebruik kan word.
- Sit siffies in die opwasbak se propgate.
- Gebruik dieselfde vullisdrom waarin jy normaalweg huishoudelike afval weggooi om van sanitêre produkte en babadoeke ontslae te raak.
- Sorg dat die afloop-, riool- en waterpype op jou erf in 'n goeie toestand is.

Onthou ook om nie sommer goedsmoeds goed weg te smyt waar hulle nie hoort nie.

Tree verantwoordelik op deur gebruik te maak van Overstrand se oorlaaistasies en aflaaifasiliteite om onwettige storting te verhoed:

Onthou dat enigiets wat vandag onwettig gestort word, more op en een of ander manier jou kopseer gaan word. Dit is nie net onooglik nie, maar rommel wat goedsmoeds gestort word, kan mangate en rioolpype verstop en dit kan daartoe lei dat rioolvuil jou straat verswelg.

Enige tekens dat 'n riool dalk verstop mag wees, moet onmiddellik aangemeld word. Bel die beheerkamer by 028 313 8111 (na ure) of 028 271 8400 (Hangklip-Kleinmond), 028 313 8090/8997/8137 (Groter Hermanus), 028 384 8300 (Groter Gansbaai) of 028 341 8500 (Stanford) om 'n tenkerdiens gedurende kantoorure te versoek.

Foto met vergunning van Ann Wright

Die noordkappers is terug! 'n Opmerksame inwoner van Hermanus, Ann Wright, se fotografiese rekords toon dat die eerste walvisse reeds op 7 Mei waargeneem is.

"Die winter het ons vanjaar effe onkant gevang, maar dit kan dalk voordelig wees," het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, gesê.

"Ons heet hierdie saggeaarde kolosse hartlik welkom en hoop dat hulle in die maande wat voorlê weereens beide inwoners en besoekers eindeloos gaan vermaak met hul manewales," het sy bygevoeg.